

# DIE NEO-KANTIAANSE HISTORIESE KENNISLEER VAN DIE BADENSKOOL: WILHELM WINDELBAND EN EMIL LASK

deur

*HANNES BEYERS\**

## *Abstract*

### **The neo-Kantian historical epistemology of the Baden School: Wilhelm Windelband and Emil Lask.**

The article deals with the historical epistemology of Wilhelm Windelband and Emil Lask. These neo-Kantian philosophers aimed at an historical epistemology that would be independent of both naturalistic positivism and Hegelian idealism. Thus the neo-Kantians defended the right of history to exist as a distinctive, but strictly rational-empirical science. Windelband's rectorial address of 1894 expressed the important neo-Kantian principle that history should be distinguished from natural science in terms of methodology rather than content. However, Windelband never elaborated a scientific methodology for the establishment of historical knowledge. Lask attempted to solve the question of historical knowledge by accepting the Kantian dualism between abstract concepts and the infinite empirical reality. Lask's proposal to solve the problem of the "irrational gap" between concept and reality through his theory of "value individuality" was, however, unsuccessful.

## **Inleiding**

Die tydperk sedert die Tweede Wêreldoorlog word gekenmerk deur 'n herlewing in belangstelling in die metodologiese en histories sosiaalwetenskaplike werke van Max Weber (1864-1920). Weber, wat 'n historiese benadering gevolg het, is veral deur die begripsteorie en waardeelre van die Suidwes-Duitse of Badense Neo-Kantiane beïnvloed. Hierdie denkriktigting het in die tydperk 1890-1914 die reg van geskiedenis om as 'n

---

Hannes Beyers was voorheen verbonde aan die Universiteit van die Wes-Kaap. Hy is tans besig met Ph. D.-studies aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Hy het reeds verskeie publikasies die lig laat sien oor die Duitse *Methodenstreit*, waarvan die jongste (1995) die rol van Carl Menger en Gustav von Schmoller in die stryd verhelder het.

empiriese wetenskap vry van positivistiese invloed te bestaan, kragdadig verdedig. Oor die algemeen het die neo-Kantiane se klem op noukeurige abstrakte begrippe 'n groot invloed gehad op die ontwikkeling van 'n historiese sosiale wetenskap, oftewel 'n geskiedwetenskap waarin vergelyking, ideaaltypes en tipologieë gebruik word. In hierdie artikel word aandag gegee aan die historiese kennisleer van twee van die drie vernaamste Badense filosowe. Hulle is Wilhelm Windelband en Emil Lask. Heinrich Rickert was die derde lid van die groep.

Die neo-Kantiaanse geskiedfilosofie ontstaan in 'n laat negentiende euse Duitse akademiese toneel wat deur die *Methodenstreit*, 'n hewige metodologiese botsing tussen positivisme en idealisme, gekenmerk is.<sup>1</sup> Gedurende die verloop van die negentiende eeu het die sogenaamde historiese beweging beheer oor 'n aantal belangrike sosiaal-kulturele vakgebiede verkry. Benewens geskiedenis, word ekonomiese, regsgesleerdheid, staatsleer en sosiologie geskiedwetenskappe met 'n historiese benadering. Nogtans is hierdie dissiplines toenemend ná 1850 op die verdediging geplaas deur die opkoms van positivisme wat die uitvloeisel van die tydgenootlike natuurwetenskaplike prestasies was. Die positiviste het die natuurwetenskaplike metode as die enigste legitieme benadering vir alle dissiplines, ook geskiedenis beskou. Gevolglik is die vasstelling van algemene sosiale of historiese wette, vergelykbaar met natuurwette, nagestreef.<sup>2</sup> Hierdie neiging blyk duidelik uit Henry Thomas Buckle se geskiedenis van Engeland wat deur die positivistiese sosiologie van Auguste Comte beïnvloed is. Vir Buckle toon geskiedenis 'n "wanordelike voorkoms" vanweë 'n gebrek aan wette, wat as "'n ongelukkige eienaardigheid" veroordeel word.<sup>3</sup> Buckle poog om dié "leemtes" reg te stel deur die rol van vrye wil te negeer en eerder die invloed van natuur- en omgewingsfaktore op menslike handeling te beklemtoon. Aangesien sodanige handeling onder dieselfde omstandighede altyd dieselfde resultate lewer, voorsien Buckle die moontlikheid van wetmatige veralgemening.<sup>4</sup>

Hierdie positivistiese strewes is sterk deur voorstanders van die Duitse idealisme teengestaan. Idealisme behels in wese die oortuiging dat die werklikheid 'n betekenisvolle proses is wat met idees en denke eerder as slegs met sintuiglik waarneembare "dinge" vereenselwig word. Die sosiaal-kulturele wêreld, wat uit individuele onherhaalbare en dus unieke verskynsels bestaan, benodig 'n eiesoortige historiese metode eerder as wetmatige veralgemening.<sup>5</sup> Johann Gustav von Droysen se *Grundriss der Historik* (1862), 'n kortbegrip van die historiese metode, verteenwoordig die eerste betekenisvolle teenaanval op die positivisme. In dié werk, waarin Buckle skerp aangeval is, het Droysen die teoretiese grondslae van geskiedenis as selfstandige geesteswetenskap sistematies teen positivistiese aansprake verdedig.<sup>6</sup> Historisme, waaraan daar verskillende betekenis

1. Vgl. my artikel, "Carl Menger, Gustav von Schmoller en die Methodenstreit," *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomiese*, 63 (1), 1995, pp. 64-84.

2. T. Parsons, *The Structure of Social Action II* (New York, 1968), pp. 473-478.

3. H.T. Buckle, *The History of Civilization in England*, 1 (New York, 1857), p. 3.

4. *Ibid.*, pp. 5,17

5. R.H. Nash (Red.), *Ideas of History* 11 (New York, 1969), pp. 5-6.

6. J.G. von Droysen, *Grundriss der Historik* (Leipzig, 1883), pp. 47-48, 69-70.

geheg word, is deel van die idealisme. Historisme as wetenskaplike benadering behels dat die werklikheid van die menslike kultuur slegs deur die historiese metode verstaan kan word, aangesien historisiteit die wese van kultuur vorm.<sup>7</sup> Verklaring d.m.v. abstrakte begrippe en teoretiese metodes is verwerp t.g.v. 'n verstaansmetode (*Verstehen*). Daar kleef egter 'n ander bybetekenis aan Duitse historisme aangesien dit ook die vorm van 'n konserwatiewe en nasionalistiese wêreldbeskouing teen die liberale en kosmopolitiese idees van die Verligting aangeneem het.<sup>8</sup> In dié opsig vorm historisme deel van die reaksie van die Romantiek teen die agtende eeuse Rasionalisme.

Die Duitse idealisme se ingrypende skeiding tussen die natuurwêreld van verskynsels (*fenomena*) en die menslike wêreld van dinge-in-sigself (*nomena*), oftewel natuurwetenskap en kultuurwetenskap, kan na die denke van Immanuel Kant (1724-1804) teruggevoer word. Kant onderskei twee wyses van indeling van empiriese kennis. Eerstens kan waarnemings volgens begrippe ingedeel word wat 'n logiese indeling is waarvolgens natuurwette verkry word. Tweedens kan kennis histories, volgens tyd en ruimte waarin dit in die werklikheid aangetref word, ingedeel word. So word 'n historiese beskrywing van die natuur verkry. Die mens as geestelike wese kan nie deur die analitiese veralgemenede metode van die natuurwetenskappe bestudeer word nie.<sup>9</sup> Volgens Kant word wetenskaplike status deur die vasstelling van algemeen geldige wette bepaal; gevvolglik kan slegs die natuurwetenskappe as volwaardig "wetenskaplik" beskou word.

In sy *Kritik der reinen Vernunft*<sup>10</sup> (1781) verwoord Kant 'n idealisme wat beide "transendentaal" en "krities" is. Die transendentale aspek weerspieël Kant se aandrang dat kenteorie nie gemooid is met besondere voorwerpe en persoonlike bewusthede nie, maar eerder met die norme en voorwaardes van algemeen geldige (objektiewe) kennis. Hierdie veronderstelling van algemene geldigheid in kennis beteken dat sodanige kennis afhanklik is van a priori vorms en beginsels.<sup>11</sup> Kant se klem op die kritiese verteenwoordiging sy strewe om die tweeledige slaggate van oordrewe rasionalisme ("dogmatisme") en eensydige empirisme te vermy. Terwyl dogmatisme die rol van die menslike rede in die voortbring van kennis verabsoluteer, neig empirisme tot die idee dat alle kennis slegs uit ervaring verkry kan word. Kritiese denke behels dus ondersoek na die juiste grense van die vermoë van die rede, en bepaal ook die geregtigde en ongeregtigde gebruik van die menslike verstand.<sup>12</sup>

Kant neem 'n eie standpunt in om die leemtes van rasionalisme en empirisme te oorbrug. Hierdie nuwe sintese veronderstel dat die subjek (navorsier) en die objek

- 
7. H. Schnädelbach, *Philosophy in Germany 1831-1933* (Cambridge, 1984), pp. 35-36.
  8. G.G. Iggers, *Deutsche Geschichtswissenschaft* (München, 1972), pp. 17-20.
  9. E.L. Fackenheim, "Kant's Concept of History", *Kant-Studien* 48(3), 1957, pp. 383-385; H. Höffding, *A History of Modern Philosophy*, 11 (New York, 1955), pp. 58-62.
  10. I. Kant, "Kritik der reinen Vernunft", E. Cassirer (red), *Immanuel Kants Werke*, III (Berlyn, 1922).
  11. *Ibid.*, pp. 48-52; R. Bubner, "Zur Struktur eines transzendentalen Arguments", *Kant-Studien*, 65(1), 1974, p. 22.
  12. R. Casimir, *Beknopte Geschiedenis der Wijsbegeerte*, II (Amsterdam, g.d.), pp. 16-17.

(navorsingsvoorwerp) saam kennis verwesenlik. Die *vorm* waarin die kennis opgeneem word, word deur die subjek bepaal. Die besondere *inhoud* van die waarneming hang van die objek af.<sup>13</sup> Kant verenig dus die funksie van rasionele denke met empiriese waarneming (ervaring). Alhoewel menslike kennis met ervaring begin, is dit nie noodwendig in ervaring “gegrond” nie. Die verstand lewer ‘n bydrae tot kennis, wat noodwendig van ervaring verskil.<sup>14</sup> Die denke vorm *a priori* kategorieë of begrippe waardeur die vloei van gewaarwordings of empiriese gegewens (*Anschauungen*) opgeneem, ingedeel en verfyn word tot ‘n geordende denkwêreld. Die begrippe is *a priori* omdat dit empiriese kennis voorafgaan en die empiriese stof, deur ‘n reeks logiese verwerkings, tot ware kennis verhef. Op dié wyse verskaf die begrippe objektiewe kennis, omdat die objektiewe werklikheid die resultaat is van die samestellende funksie van die denke. Die denke is nie objektief of subjektief nie, maar dit maak die werklikheid objektief.<sup>15</sup>

In teenstelling met die algemene opvatting, is geskiedenis nie volkome in die Kantiaanse kennisleer negeer nie. Vir Kant is die voordeel van geskiedenis dat historiese ervarings op geskrewe bronne, wat vir betroubaarheid getoets kan word, berus. Op grond hiervan is kennis van unieke historiese verskynsels moontlik en kan geskiedenis metodologies behandel word. Gevolglik is Kant bereid om voorwaardelike wetenskaplike status aan historiese kennis te verleen. Die voorwaarde is die rasionele herverwerking van die bronne wat tot nuwe goed gefundeerde insigte lei.<sup>16</sup> Kant verwerp die filosofiese historisme van sy J.G. Herder, ten gunste van ‘n streng empiriese historiese dissipline. Filosofie kan nie as ‘n plaasvervanger vir ‘n empiriese geskiedenis dien nie, maar slegs as ‘n kritiese teorie van sodanige dissipline. Gevolglik stel Kant slegs belang in die handelinge, verskynsels en toestande wat reeds deur kritiese historiese navorsing vasgestel is. As kritiese en rasionele produk van die Verligting vermy Kant alle metafisiese bespiegeling oor ‘n mitologiese “ontstaan” en “einde” van die geskiedenis.<sup>17</sup> Die uitgangspunt van Kant se geskiedfilosofie is nie teleologies nie, maar is eerder gegrond in die problematiek van ‘n empiriese, praktiese en rasioneel gefundeerde historiese dissipline.

Teen die laat negentiende eeu het die Duitse filosofie in reaksie op die positivistiese aanvalle op metafisika en Hegeliaanse Idealisme, sig toenemend tot wetenskapsleer gewend. Dié neiging weerspieël die strewe om ‘n gesikte probleemveld te vind wat verenigbaar met, en verwant aan, die empiriese wetenskap is, maar wat nogtans onafhanklik daarvan kon voortbestaan. So is filosofie omvorm tot kennisleer om aan te pas by die neiging tot empiriese wetenskap.<sup>18</sup> As alternatief vir nationalistiese positivism

13. I. Kant, “Kritik der reinen Vernunft”, pp. 105-107.

14. *Ibid.*, pp. 34-35.

15. *Ibid.*, pp. 55-57, 97-98, 108-110; Bubner, “Zur Struktur”, p. 24; vir ‘n beknopte opsomming in Engels, vgl. B. Mazlish, *The Riddle of History* (New York, 1966), pp. 103-106, 113-115.

16. M. Riedel, “The Normative Understanding of History versus Historicism: On the connection between philosophy of history and historical science in Kant”, *Idealistic Studies*, 8, 1978, pp. 1-3.

17. *Ibid.*, pp. 9-10.

18. H. Schnädelbach, *Philosophy in Germany*, pp. 103-106.

is daar in die filosofie en kultuurwetenskappe na Kantiaanse denke teruggekeer. Die filosofie van Kant was geskik vir dié tyd aangesien dit 'n kompromis tussen Idealisme en positivisme verteenwoordig. Die Badense neo-Kantiane sou Kant se tradisie navolg en kennisleer bō metafisiese spekulasie verkie. <sup>19</sup>

Wilhelm Windelband het beweer: "Alle negentiede-eeuse filosowe is Kantiane."<sup>20</sup> Die uitspraak is juis aangesien Kantiaanse kritiek so algemeen as vertrekpunt van alle filosofiese denke onderrig is dat Kantiaanse invloed veel verder as filosofie gestrek en na feitlik alle kultuurwetenskappe versprei het. As grondslag van filosofiese onderrig aan Duitse universiteite het Kantiaanse denke bykans alle aspekte, veral die teoretiese sye, van die Duitse wetenskap, beïnvloed.<sup>21</sup> Die botsende kampe van beide die idealisme en die positivisme het Kant as hul intellekturele meester erken.

Daar was weinig herdenkings van Kant vir die grootste deel van die negentiede eeu. Die groot Kant-oplewing sou vanaf die 1890's 'n verandering inlui. Die eeufeesviering in 1904 van Kant se dood was dan ook die grootste Kant-fees in die Duitse geskiedenis. Die fees is deur 'n vloedgolf feesredes en artikels asook deur nasionale patos gekenmerk.<sup>22</sup> Dit was in dié gees dat Hermann Cohen van die Marburgse neo-Kantiaanse denkskool in sy feesrede vir Kant as 'n "nasionale monument van die Duitse volk"<sup>23</sup> verheerlik het. Hierdie Kant-fees was ook 'n aanduiding van die sterk invloed van neo-Kantiaanse denke wat rondom 1904 'n hoogtepunt bereik het. In 1911 het die Kant-vereniging, wat in 1904 deur Hans Vaihinger van Halle gestig is, meer as 400 lede gehad. Die amptelike lyfblad *Kant-Studien* is reeds in 1896 gestig.<sup>24</sup>

## Die Badense neo-Kantiane

Die Suidwes-Duitse of Badense denkrieting het uit Wilhelm Windelband (1848-1915), Heinrich Rickert (1863-1936) en Emil Lask (1875-1915) as die vernaamste lede bestaan. Die naam van dié skool is afgelei van die feit dat Windelband, Rickert en Lask afwisselend leerstoele aan die Suidwes-Duitse universiteite van Freiburg, Heidelberg en Strassburg beklee het. Windelband, die oudste lid en leier van die Badenskool het opeenvolgende leerstoele in Freiburg (1877-1882), Strassburg (1882-1903) en Heidelberg (1903-1915) beklee. Rickert, verteenwoordiger van die tweede geslag, se eerste professoraat was in Freiburg (1891-1915), waarna hy Windelband in Heidelberg opvolg

- 
19. K.C. Köhnke, *Entstehung und Aufstieg des Neukantianismus* (Frankfurt, 1986), pp. 112-113.
  20. W. Windelband, "Vorwort", *Präludien: Aufsätze und Reden zur Einleitung in die Philosophie I* (Tübingen, 1921), p. iv.
  21. *Ibid.*
  22. R. Malter, "Ein Philosoph wird geehrt", *Zeitschrift für Religions- und Geistesgeschichte*, 27(4), 1975, pp. 293-296.
  23. *Ibid.*, p. 295.
  24. Kantgesellschaft, "Mitgliederverzeichnis für das Jahr 1911", *Kant-Studien* 17, 1912, pp. 173-187.

(1915-1936).<sup>25</sup> Die jongste lid, Lask, was vir een dekade (1905-1915) aan die Universiteit van Heidelberg verbonde.

Die samestellende beginsel wat dikwels kenmerkend is aan 'n denkskool - die verhouding tussen leermeester en student - was in besonder teenwoordig in die Badengroep. Daar was regstreekse leermeester-student betrekkinge tussen Windelband en Rickert enersyds en tussen beide laasgenoemde en Lask andersyds.<sup>26</sup> Terwyl Rickert sy doktorale studies onder Windelband in 1888 by Strassburg voltooi het, het Lask syne onder Rickert in Freiburg, asook ná-doktorale studie onder Windelband, in Heidelberg voltooi. Daarbenewens toon die Suidwes-Duitse groep 'n ander tipiese kenmerk van 'n denkskool, naamlik die besit van 'n eie vaktydskrif, *Logos*, wat in 1910 gestig is met die historikus Friedrich Meinecke as een van die oorspronklike mederedakteurs.<sup>27</sup>

Wilhelm Windelband het dikwels gesê: "Kant verstehen heisst über ihn hinausgehen".<sup>28</sup> Die Badenfilosowe word as neo-Kantiane beskou omdat hul standpunte teen nationalistiese positivisme afkomstig is uit kenteoretiese vooronderstellings wat deur Kant verwoord is. In navolging van Kant was die neo-Kantiane transendentale idealiste wat tussen die natuur- en kultuurwetenskappe onderskei en noukeurige begripsvorming beklemtoon het. Soos Kant, beperk die neo-Kantiane ook die omvang van die wetenskap tot rasioneel-empiriese kennis, sodat onbewysbare metafysische verklarings uitgesluit word. Vir die neo-Kantiane was Kant se huiwering om volwaardige wetenskaplike status aan geskiedenis te verleen (omdat historiese stellings nie algemeen geldige wetmatigheid geniet nie) egter onaanvaarbaar. Dit sou hul taak word om Kant se standpunt te hersien en die historiese dissiplines as volwaardige wetenskappe te verdedig. Hierdie oogmerk is as noodsaklik beskou in die stryd teen nationalistiese positivisme. In ooreenstemming met Windelband se uitspraak het die Suidwes-Duitse filosowe bewustelik na 'n na-Kantiaanse idealisme beweeg. Kant se vraag "hoe is wetenskap moontlik?" verwys na natuurwetenskap. Die neo-Kantiane vra dieselfde vraag met verwysing na historiese wetenskap. Soos Kant, beantwoord die neo-Kantiane die vraag bevestigend - hulle aanvaar die moontlikheid, maar ook die grense, van 'n rasioneel-empiriese geskiedwetenskap.

Die neo-Kantiaanse denke kan verder toegelig word deur middel van vergelyking met dié van Wilhelm Dilthey (1833-1911). Terwyl Droysen se verdediging van die onderskeid natuurwetenskap-geskiedwetenskap bloot beskrywend was, sou Dilthey die taak verder voer met die eerste filosofiese regverdiging van dié onderskeid in sy *Einleitung in die Geisteswissenschaften* (1883). Dilthey en die neo-Kantiane het 'n aantal belangrike kenmerke gedeel, naamlik 'n afkeer aan nationalistiese positivisme, die oogmerk om die historiese dissiplines as selfstandige wetenskappe te vestig en die siening van geskiedenis as 'n empiriese wetenskap.<sup>29</sup> Alhoewel Dilthey aanvanklik sterk onder Kantiaanse invloed

25. T.E. Willey, *Back to Kant* (Detroit, 1978), pp. 134, 141.

26. W. Flach en H. Holzhey, *Erkenntnistheorie und Logik im Neukantianismus* (Hildesheim, 1980), p. 49.

27. T.E. Willey, *Back to Kant*, pp. 155-156.

28. W. Windelband, "Vorwort", *Präludien I*, p. vi.

29. W. Dilthey, *Selected Writings* (Cambridge, 1976), pp. 159-160, 170-176.

was, het hy mettertyd veel nader aan Hegel beweeg en met belangrike Kantiaanse leerstellings gebreek.<sup>30</sup>

Daar bestaan gevvolglik 'n aantal belangrike verskille tussen Dilthey en die neo-Kantiane. Eerstens, in teenstelling met Dilthey, wat die natuur-en historiese wetenskappe ontologies op grond van verskillende inhouds of voorwerpe onderskei, beklemtoon die neo-Kantiane verskillende navorsingsmetodes as die vernaamste onderskeidingsmaatstaf. Tweedens het die neo-Kantiane Dilthey se gebruik van sielkunde as kern-geesteswetenskap verwerp, aangesien die tydgenootlike sielkunde sterk positivisties gerig was. Derdens, verkies die neo-Kantiane die term "kultuurwetenskap" (*Kulturwissenschaft*) bô Dilthey se benaming "geesteswetenskap" (*Geisteswissenschaft*).<sup>31</sup> Dit is 'n uitvloeisel van die neo-Kantiane se skeptisisme oor sielkunde, asook hul verwerping van die Hegeliaanse bybetekenis wat aan "gees" geheg is.

Daarbenewens het die neo-Kantiane hulle ook volkome gedistansieer van Dilthey se historisme, wat deur Hegeliaanse idees en die *Lebensphilosophie* (lewensfilosofie)-beweging beïnvloed is. Dilthey aanvaar die Hegeliaanse denke waarvolgens die volledige werklikheid die uitdrukking van 'n metafisiese Idee of Gees is. Lewensfilosofie, wat met denkers soos Nietzsche, Bergson en Jaspers vereenselwig is, het alle werklikheid deur middel van lewe verklaar. Gevolglik is abstrakte begrippe, logiese deduksie en rasionele metodes verwerp ten gunste van 'n intuitiewe en vitale verstaan van die geskiedenis.<sup>32</sup> Hierdie vorm van historisme lei dus tot 'n ingrypende irrasionalisme en relativisme.<sup>33</sup> Dilthey glo in 'n verenigde, wesenlike kosmiese werklikheid lewe, wat sig in botsende godsdienste en lewensfilosofieë openbaar en só as 'n verenigende fondament dien. Die vereenvoudiging van subjek en objek tot 'n gemeenskaplike fondament maak geesteswetenskaplike verstaan moontlik omdat lewe sigself "objektiveer" in instellings soos die staat, godsdienst, kuns en filosofie. As openbarings van Lewe en Gees kan dié deur die subjektiewe verstand van die geesteswetenskaplike wat ook deel van die lewensproses is, verstaan word.<sup>33</sup>

Die neo-Kantiane het skerp kritiek teen Dilthey se historistiese filosofie gelewer. Rickert het nie net historisme in die algemeen aangeval nie, maar veral historisme as lewens- en wêreldbeskouing minagtend verwerp.<sup>34</sup> Dilthey se standpunt dat filosofie slegs op geskiedenis gegrond moet word of tot historiese denke gereduseer moet word, is onaanvaarbaar. Vir Rickert kan daar net so min sprake wees van 'n "historiese wêreldbeskuing" as van 'n "natuurwetenskaplike wêreldbeskouing". Soos die

- 
30. T. Plantinga, *Historical Understanding in the Thought of Wilhelm Dilthey* (Toronto, 1980), pp. 17-18.  
Vgl. R.A. Makkreel, "Wilhelm Dilthey and the Neo-Kantians: The Distinction of the Geisteswissenschaften and the Kulturwissenschaften", *Journal of the History of Philosophy*, 7, 1969, pp. 423-440.
32. I.M. Bochenski, *Contemporary European Philosophy* (Berkeley, 1966), pp. 100-101, 121-124.
33. W. Dilthey, *Descriptive Psychology and Historical Understanding* (Den Haag, 1977), pp. 126-128.
34. H. Rickert, *Die Probleme der Geschichtsphilosophie: Eine Einführung* (Derde uitgawe, Heidelberg, 1924), pp. 129-132

natuurwetenskappe het geskiedenis ook bepaalde grense of perke. Die neo-Kantiane verdedig slegs die legitimiteit van geskiedenis as 'n *empiriese wetenskap*. Geskiedenis moet sigself net tot die empiries-historiese werklikheid beperk, terwyl filosofie die taak het om na die ewige of tydlose te vorder. Daarom kan geskiedenis geen wêreldebekouing voortbring sonder om in algehele relativisme of selfs nihilisme te verval nie.<sup>35</sup>

Die metafisiese vitalisme van die *Lebensphilosophie* was vreemd aan die neo-Kantiane se rasionalistiese benadering tot historiese kennis wat op logika en kennisleer gegronde is. In teenstelling met Dilthey beklemtoon die neo-Kantiane noukeurige begripsvorming en aanvaar die idee van *a priori* begrieppe vir die rasionele vertolking van die empiriese werklikheid. Hierdie standpunt is 'n uitvloei van die neo-Kantiaanse dualisme tussen die wêreld van die waarnemer en die wêreld van konkrete werklikheid. Die neo-Kantiane beklemtoon dus die kategoriese onderskeid tussen metodiese wetenskaplike kennis en werklike lewenservaring. Rickert verwerp die "lewensfilosofie" aangesien die absolute onmiddellikheid van ervaring slegs tot 'n irrasionele wanorde van nikssegende waarnemingsvoorwerpe sonder begrieppe lei. Regstreeks-beleefde ervaring kan nie 'n geldige grondslag vir wetenskaplike kennis verskaf nie, omdat 'n wetenskap nie suwer op induksie en beskrywing kan berus nie. Sodanige benadering behels 'n radikale empirisme wat alle kontak met ware wetenskaplike denke verloor het.<sup>36</sup>

Rickert beskuldig Dilthey daarvan dat hy oordeelsvermoë in die kultuurwetenskap tot blote irrasionele "gevoel" en "aanvoeling" (intuisie) verlaag, wat nie as wetenskaplike kennis beskou kan word nie. Die neo-Kantiaanse dualisme behels 'n verwerping van monistiese kenteorieë soos die empirisme wat beweer dat die werklikheid volledig weergegee en in wetenskaplike kennis vasgelê kan word, asook die Hegelianisme waarvolgens die werklikheid in geheel die uitdrukking van 'n metafisiese Idee is.<sup>37</sup> Terwyl Dilthey te veel in die irrasionalisme van die *Lebensphilosophie* verval het, sou die neo-Kantiane poog om dié leemtes te oorkom deur middel van 'n rasionele metodeleer vir die historiese wetenskappe. In teenstelling met die veelomvattende Hegeliaanse metafisiese stelsel vir die volledige verklaring van die hele werklikheid, beklemtoon die neo-Kantiane eerder die onuitputlike en onverklaarbare oneindigheid van die empiriese werklikheid.

Die oogmerk van die Suidwes-Duitse neo-Kantiane om die bestaansreg van 'n selfstandige geskiedwetenskap met eiesoortige metodeleer te verdedig, het op 'n algemene ontleding van die verband tussen kennis en waardes berus. Hierdie ontleding dien dan as fondament vir 'n historiese kennisleer wat geleidelik deur Windelband, Lask en Rickert opgebou is. Eerstens stel Wilhelm Windelband die ideaal van wetenskaplike historiese kennis van unieke historiese verskynsels. Daarna verskaf Emil Lask se bespreking van teorieë van begripsvorming en die "irrasionele" gaping tussen begrip en werklikheid 'n ontleding van die voorvereistes vir die moontlikheid van historiese kennis. Lask se ontleding toon die

35. H. Rickert, *Die Grenzen der naturwissenschaftlichen Begriffsbildung* (Tübingen, 1902), pp. 8-10, 704-706.

36. H. Rickert, *Die Grenzen*, pp. 332-333.

37. H. Rickert, *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft* (Sewende uitgawe, Tübingen, 1926), pp. 28-38; H. Rickert, *Die Grenzen*, pp. 4, 622, 652, 711.

onoorbrugbaarheid van dié gaping. Laastens gebruik Heinrich Rickert hierdie gaping as uitgangspunt en toon dat historiese kennis slegs moontlik kan wees op die grondslag van die "irrasionele gaping". Rickert voer Windelband en Lask se voorlopige individualistiese waardebegrip verder deur sy begrip "waardeverband" (*Wertbeziehung*) as objektiewe maatstaf vir die uitkies van navorsingsvoorwerpe uit die oneindige werklikheid.

### Wilhelm Windelband

Wilhelm Windelband verwerp Kant se standpunt dat geskiedenis nie volwaardige wetenskaplike status besit nie as onaanvaarbaar en redeneer dat hierdie aspek van Kantiaanse kennisleer dringend hersien moet word.<sup>38</sup> Hier herbevestig Windelband sy uitgangspunt, dat, om Kant te verstaan beteken dat sy denke verder gevoer moet word. In dié oopsig was Windelband se beroemde rektorale intreerede<sup>39</sup> aan die Universiteit van Strassburg in 1894 van wesenlike belang. Die hoofstelling van die Windelband-rede was die metodologiese onderskeid tussen 'n individualiserende geskiedwetenskap en 'n veralgemeenende natuurwetenskap.

Die betekenis van die rektorsrede lê in die aanspraak op 'n eiesoortige logika vir die historiese dissiplines. Geskiedenis vereis 'n eiesoortige metodeleer aangesien dié van die natuurwetenskappe nie op die kultuurwetenskappe toepasbaar is nie. Agterna beskou, lyk Windelband se rede na 'n teenaaval deur die Duitse idealisme teen die invloed van positivisme. Tydgenootlike waarnemers soos Friedrich Meinecke beskou Windelband se toespraak as 'n "oorlogsverklaring teen die positivisme."<sup>40</sup> Vir R.G. Collingwood verteenwoordig die Windelbandrede "*n afskeidingsbeweging deur geskiedkundiges*" uit die wêreld van die positivisme.<sup>41</sup> Dit was 'n aandrang deur historici op die reg om hul eie wetenskap op hul eie wyse vry van positivistiese oorheersing te beoeffen.

In *Geschichte und Naturwissenschaft* onderskei Windelband drie veronderstellings of uitgangspunte wat 'n moontlike wetenskaplike status aan die historiese dissiplines kan verleen. Dit is 'n individualistiese waardebegrip, 'n nomologiese begrip van die grense of beperkinge van die natuurwetenskaplike metode en 'n individualistiese of *idiographische* begrip van die historiese wetenskap.

Windelband redeneer dat waardes slegs toegeskryf kan word aan unieke, individuele verskynsels. Hierdie stelling is afkomstig uit die individualistiese waardebegrip van die Christelike godsdiens in die stryd teen die algemene waardes van die Griekse filosofie. Die idee dat waardes slegs aan individuele verskynsels toegeskryf kan word, ontstaan uit die Christelike voorstelling van o.a. die Skepping, die Sondvloed en die Verlossing as

38. W. Windelband, "Über die gegenwärtige Lage und Aufgabe der Philosophie (1907)", *Präludien: Aufsätze und Reden zur Einleitung in die Philosophie II* (Tübingen, 1921), pp. 13-14.

39. W. Windelband, "Geschichte und Naturwissenschaft. Strassburger Rektoratsrede (1894)", *Präludien II*, pp. 136-160.

40. F. Meinecke, *Strassburg-Freiburg-Berlin 1901-1919: Erinnerungen* (Stuttgart, 1949), p. 49.

41. R.G. Collingwood, *The Idea of History* (Londen, 1976), p. 167.

unieke feite wat die middelpunt van die Christelike wêreldebekouing vorm.<sup>42</sup> Vir Windelband verteenwoordig dié Christelike idee die eerste betekenisvolle insig in “die onvervreembare metafisiese reg van geskiedskrywing”, naamlik die belangstelling in die werklikheid as onherhaalbaar en uniek.<sup>43</sup>

Volgens hierdie waardebegrip verloor ‘n mens belangstelling in ‘n voorwerp wat bloot ‘n tipiese geval van ‘n algemene verskynsel is. Windelband noem as voorbeeld die afgryse wat ‘n mens sou ondervind by die ontdekking van ‘n *Doppelgänger*, ‘n tweede weergawe van sigself, met volkome gelyksoortige eienskappe. ‘n Soortgelyke afkeer word gewek deur die idee van die ewigdurende herhaling van alle verskynsels.<sup>44</sup> ‘n Voorwerp wat slegs een van ontelbare verskynsels van dieselfde soort is kan nie die mens se belangstelling opwek nie. Vir Windelband bevestig dié oorwegings die individualiteit van waardes, naamlik dat waardes slegs aan ‘n enkelvoudige en konkrete verskynsel geheg kan word.<sup>45</sup> Die bron van die mens se belangstelling in kennis van individuele verskynsels is dus geleë in die grondbeginsel dat waardes uitsluitlik aan individue toegeskryf word.

Hierdie teoretiese belangstelling kan nie bevredig word deur die nomologiese natuurwetenskappe nie, vanweë dié dissiplines se gebrek aan wesenlike belangstelling in die unieke verskynsels van die empiriese werklikheid. Dit is omdat die natuurwetenskappe kennis nastreef van die algemene of gemeenskaplike kenmerke van vele verskynsels wat dan uit die empiriese werklikheid geabstraheer word. Vir die natuurwetenskappe is ‘n individuele gegewe slegs tersaaklik indien dit as ‘n tipe, ‘n geval van ‘n algemene begrip of ‘n geval wat onder ‘n algemene wet ingesluit kan word, kan dien.<sup>46</sup> Dit is die logiese uitvloeisel van die vernaamste teoretiese oogmerk van die natuurwetenskappe, naamlik die voortbring van reëlmatighede in die vorm van abstrakte algemeen geldige natuurwette wat alle verskynsels beheer.<sup>47</sup> Die nomologiese wetenskap skakel dus belangstelling in die individualiteit van die empiriese werklikheid uit.

Die kenteoretiese strewe van geskiedenis is weer individualiserend; die oogmerk van kennis is die verstaan van die eiesoortige hoedanighede van die unieke verskynsel. Die geskiedkundige stel belang in ‘n verskynsel vanweë die eiesoortige kenmerke daarvan, eerder as die algemene hoedanighede wat met ander verskynsels gedeel word. In teenstelling met die natuurwetenskaplike, streef die geskiedkundige kennis van die enkelvoudige en konkrete kenmerke van die werklikheid na. Gevolglik kan die teoretiese ideaal wat opgewek word deur die waarnemer se belangstelling in kennis van individuele verskynsels slegs deur die geskiedwetenskap verwesenlik word.<sup>48</sup>

Vir Windelband is die onderskeidingsmaatstaf, of indelingsbeginsel (*Einleitungsprinzip*)

42. W. Windelband, “Geschichte und Naturwissenschaft,” p. 156.

43. *Ibid.*

44. *Ibid.*, pp. 155-156.

45. *Ibid.*

46. *Ibid.*, pp. 149-150.

47. *Ibid.*, p. 151.

48. *Ibid.*, pp. 149-151.

tussen historiese en natuurwetenskap in die vormlike hoedanigheid van die kenteoretiese oogmerk (*Erkenntnisziele*) van die onderskeie wetenskappe geleë.<sup>49</sup> So onderskei Windelband tussen die *idiografische* (individualiserende) geskiedwetenskap wat 'n ondersoek na, en beskrywing van, besondere, unieke historiese verskynsels nastreef en die *nomothetische* (nomologiese of veralgemenende) natuurwetenskap wat 'n ondersoek na algemene wette behels.<sup>50</sup>

Windelband se onderskeid lok steeds kritiek uit. So meen Georg Iggers dat Windelband se onderskeid weinig bygedra het tot die begrip van die kultuur-en natuurwetenskappe, aangesien dit die behoefte van kultuurwetenskappe soos geskiedenis om soms ook begrippe met 'n mate van algemeenheid en abstraksie te gebruik, negeer. Andersyds negeer die Windelband-rede ook die mate waartoe die natuurwetenskappe die resultaat van geskiedenis en kultuur is.<sup>51</sup> Hierdie kritiek berus egter op die wanbegrip dat Windelband se dualisme net so absoluut soos Dilthey se ontologiese onderskeid tussen wetenskaplike inhoud is. Vir Windelband was sy indeling egter relatief en slegs as 'n ruwe tipologie van wetenskaplike metodes bedoel. Gevolglik kan dieselfde voorwerp deur beide nomologiese en historiese metodes nagevors word. Geen verskynsel is dus intrinsiek binne die terrein van of die geskiedenis of die natuur geleë nie.

As voorbeeld verwys Windelband na biologie: Enersyds kan die gebied van organismes beskou word as deel van die natuur wat deur die werking van algemene wette bestuur word. Andersyds kan dieselfde gebied, vanuit die gesigspunt van natuurgeskiedenis, as 'n unieke proses van biologiese evolusie beskou word. Dieselfde verskynsels kan dus die teoretiese aandag van beide nomologiese en historiese wetenskappe geniet.<sup>52</sup> Die juistheid van Windelband se argument blyk duidelik uit die studie van die oergeskiedenis. 'n Gefossileerde oorblyfsel van 'n oermens soos *Homo habilis* word nie net deur kultuurwetenskaplikes (argeoloë, antropoloë) nie, maar ook deur natuurwetenskaplikes (paleontoloë en biochemici) bestudeer. Windelband se argument beteken dat veralgemenende beginsels ook sinvol deur historiese dissiplines en individualiserende beginsels deur die natuurwetenskappe aangewend kan word. Die navorsingsmetodes is egter wedersyds uitsluitend: dieselfde metode kan nie beide nomologies en individualiserend wees nie.

Alhoewel die relativiteit van die wetenskaplike voorwerp Windelband se vernaamste rede vir die verwerping van Dilthey se ontologiese onderskeid is, stel hy twee ander redes voor. Eerstens betwyfel Windelband die historistiese veronderstelling dat kennis van die wêreld van die "gees", wat inhoudelik volkome verskil van die natuurwêreld, deur 'n vermoë van innerlike "waarneming" moontlik is. Dit beteken dat 'n innerlike en selfstandige metode van aanvoeling (intuisie), invoeling (empatie) of "verstaan" nie

---

49. *Ibid.*, p. 144.

50. *Ibid.*, pp. 144-145.

51. G.G. Iggers, "The "Methodenstreit" in International Perspective. The Reorientation of Historical Studies at the Turn from the Nineteenth to the Twentieth Century," *Storia della Storiografia*, 6, 1984, p. 28.

52. W. Windelband, "Geschichte und Naturwissenschaft", pp. 145-146.

geldige historiese kennis kan voortbring nie.<sup>53</sup> Windelband verwerp die kenteoretiese geldigheid van die beweerde vermoë van “innerlike waarneming” wat sterk met Dilthey se historisme vereenselwig is.

Tweedens beskou Windelband sielkunde as ‘n leemte in die ontologiese benadering, aangesien dié tydgenootlike sielkunde beide as natuur- en geesteswetenskap beskou is. Dilthey se siening van sielkunde as die sleutel tot alle geesteswetenskappe lok teenstand uit in ‘n tyd toe sielkunde sterk positivisties gerig was. Enersyds, wat inhoud betref, val sielkunde in die gebied van die “gees” en kwalifieer dus as geesteswetenskap. Andersyds, wat navorsingsmetode betref, is sielkunde ‘n natuurwetenskap wat algemene wette nastreef. Hierdie teenstrydigheid lei daar toe dat sielkunde selfs as die “natuurwetenskap van die gees” beskryf is.<sup>54</sup> Vir Windelband bestaan die gevaaar dat indien die “gees” as kern van die geesteswetenskappe toeganklik is vir die natuurwetenskaplike metode, die weg oop sou wees vir die verowering van die historiese dissiplines deur die natuurwetenskappe. Die neo-Kantiane vrees dat ‘n nomologiese sielkunde as ‘n Trojaanse perd vir die positivisme kon dien en só die moontlikheid van ‘n selfstandige geskiedwetenskap sou uitskakel.

Windelband redeneer dus dat die tradisionele grens tussen “geesteswetenskap” en natuurwetenskap nie met die verdelingslyn tussen wetmatige wetenskap (*Gesetzeswissenschaft*) en historiese wetenskap (*Geschichtswissenschaft*) ooreenkom nie. Volgens Windelband is die nomologiese metode in die verlede as die kort begrip van alle wetenskaplike kennis beskou; die wyse waarop die historiese metode negeer is, moet nou reggestel word. Die dubbelsinnige posisie van sielkunde verklaar dan ook Windelband se verwerping van Dilthey se term “geesteswetenskap.”<sup>55</sup>

Terwyl Windelband sy hoofstelling oortuigend verdedig het, het sy rede ook probleme opgelewer. Windelband het nie die vraagstuk van historiese kennis aangespreek nie. Hy verskaf nie ‘n antwoord op die vraag: indien die natuurwetenskappe nie historiese kennis kan vasstel nie, hoe is sodanige kennis moontlik? Hieroor is Windelband te vaag; sy rede was te kort om selfs die hoofstelling voldoende uit te pluis. Hy verklaar wel dat die historikus die taak het om ‘n historiese verskynsel opnuut as ‘n denkbeeldige tydgenootlike teenwoordigheid te beleef en só weer te gee.<sup>56</sup> Windelband het egter nie ‘n sinvolle wetenskaplike metodeleer vir die verwesenliking van dié ideaal voorgestel nie.

Hierdie probleem is bloot aangespreek deur die herhaling van die klassieke siening van geskiedenis as ‘n dissipline op die grens tussen wetenskap en kuns. Volgens Windelband is die geskiedkundige se taak betreffende die historiese verlede soortgelyk aan dié van die kunstenaar om dit wat in sy verbeelding bestaan, voor te stel. Geskiedenis kom dus sterk ooreen met die skeppingskrag van die beeldende kunste.<sup>57</sup> Hier weerspreek Windelband

---

53. *Ibid.*, pp. 142-143.

54. *Ibid.*, p. 143.

55. *Ibid.*, p. 142.

56. *Ibid.*, p 150.

57. *Ibid.*

egter sy strewe na wetenskaplike status vir geskiedenis wat volgens dié standpunt nie meer as 'n wetenskap beskou kan word nie. Windelband se voorstel sou geskiedenis wel van positivistiese invloede vrywaar, maar die prysgawe van wetenskaplike status was nie 'n bevredigende oplossing nie. Max Weber sou Windelband se siening tereg as 'n vorm van onwetenskaplike *ästhetizismus* (estetisisme) kritiseer.<sup>58</sup>

Daarbenewens het Windelband ook nie die belangrike aspek van 'n keuringsbeginsel, waarvolgens die historikus die betekenisvolle van die nie-betekenisvolle verskynsels in die empiriese werklikheid kan onderskei, aangespreek nie. Hy redeneer wel dat die uitkies van 'n verskynsel vir navorsing deur die waarde wat 'n navorsier daaraan heg, bepaal mag word. Vir Windelband kies die geskiedkundige 'n bepaalde verskynsel vir historiese navorsing vanweë die intrinsieke waarde daarvan.<sup>59</sup> Hierdie stelling is egter nie breedvoerig verduidelik nie. Nogtans onderskei Windelband tussen historiese feite - empiriese verskynsels waaruit die wetenskap kan leer - en ware gebeure wat nietemin betekenisloos is. Historiese feite is nie bloot uniek en enkelvoudig nie, maar ook teleologies. Windelband verduidelik byvoorbeeld dat W.G. Goethe in 1780 'n deurklokkie en 'n woonstelsleutel laat maak het. Nieteenstaande dokumentêre getuienis daarvoor, is hierdie gegewens onbelangrik en dit geniet dus nie die status van historiese feite nie.<sup>60</sup> 'n Historiese feit hou altyd verband met 'n oogmerk of betekenis, aangesien dit as enkele, nie-herhalende gebeurtenis inherente waarde besit. Indien historiese feite waardes beliggaam moet hulle uiteindelik deur die normatiewe bewussyn beoordeel word.<sup>61</sup>

Windelband se beroemde rektorsrede verwoord een van die hoofbeginsels van neo-Kantiaanse historiese logika - dat geskiedenis van die natuurwetenskappe d.m.v. navorsingsmetode eerder as besondere inhoud onderskei word. Hierdie voordrag was egter te bondig en onvolledig, en daarom kan dit slegs as 'n beginpunt van neo-Kantiaanse historiese kennisleer beskou word. In die laaste instansie verteenwoordig die individuele historiese verskynsel vir Windelband "‘n oorblyfsel van onbegryplikheid - ‘n onuitspreekbare, onomskryfbare verskynsel.”<sup>62</sup>

## Emil Lask

Die probleem waarna Windelband in die slot van sy rede verwys - die onverstaanbaarheid en onomskryfbaarheid van historiese verskynsels, en dus die irrasionaliteit van die werklikheid - is deur Emil Lask verder gevoer. Die onverstaanbaarheid van individuele

58. H. Rickert, "Vorwort zur dritten und vierten Auflage", *Die Grenzen* (Derde en vierde uitgawe, Tübingen, 1921), p. xix.

59. W. Windelband, "Geschichte und Naturwissenschaft," p. 155.

60. *Ibid.*, pp. 153-154.

61. *Ibid.*, pp. 155-156.

62. *Ibid.*, p. 159.

verskynsels was in botsing met die hoofogmerk van die geskiedwetenskap, naamlik kennis van unieke empiriese verskynsels. Die noukeurigste neo-Kantiaanse ontleding van die implikasie van die probleem van die irrationaliteit van die werklikheid vir die historiese kennisleer is deur Lask in sy briljante doktorale proefsksrif oor Fichte se geskiedfilosofie uiteengesit.<sup>63</sup>

Lask studeer vanaf 1894 onder Heinrich Rickert in Freiburg, waar hy in 1901 doktoreer met 'n proefsksrif wat die duidelike invloed van Windelband en Rickert toon. Lask het dan ook vir 'n tydjie (1896-8) onder Windelband in Strassburg studeer en voltooi sy nadoktorale habilitasksrif, *Rechtsphilosophie* in 1905 onder Windelband in Heidelberg. Nadat hy van 1905 privaatdosent in Heidelberg was, neem hy in 1913 Windelband se professoraat daar oor. Hy sneuwel in Mei 1915, vier maande voor sy veertigste verjaarsdag, as Duitse vrywilliger in Galicië aan die Oosfront.<sup>64</sup> Met verwysing na sy tragies voortydige dood verklaar Rickert dat die Duitse filosofie 'n groot toekomsmoontlikheid verloor het.<sup>65</sup> Desnieteenstaande het Lask se begripsteorie 'n aansienlike invloed op filosowe soos Martin Heidegger en Georg Lukács gehad.<sup>66</sup>

Die Badense neo-Kantiane het kennis aan begripsvorming (*Begriffsbildung*) gelyk gestel. 'n Verskynsel word 'n voorwerp van kennis wanneer begrippe gevorm word wat die verskynsel verteenwoordig. Geldige begripsvorming is dus 'n voorvereiste vir wetenskaplike kennis. Gevolglik hang die moontlikheid van historiese kennis af van die oplossing van die probleem van individuele of historiese begripsvorming. Dit is die vraagstuk van die voorvereistes waaronder die empiries-historiese werklikheid deur begrippe verteenwoordig kan word. Die neo-Kantiane sien ook 'n *hiatus irrationalis*- 'n irrasionele hiaat of gaping - tussen begrip en werklikheid.<sup>67</sup> Vir die neo-Kantiane is rasionalisme dus beperk. Lask sou die vraagstuk van historiese kennis deur 'n ontleding van teorieë van begripsvorming probeer oplos.

Lask onderskei twee hoofgroepes van teorieë van begripsvorming naamlik die Kantiaanse analitiese teorie, en die Hegeliaanse emanente teorie.<sup>68</sup> As Kantiane verkieks die Suidwes-Duitse filosowe die analitiese begripsteorie. Lask verdedig dus Kantiaanse begripsleer teen die Hegeliaanse teorie. Die analitiese begripsteorie bevat drie hoofbeginsels. Eerstens, verteenwoordig begripsvorming 'n analitiese abstrahering uit die oneindige werklikheid. Die empiriese voorwerp van onmiddellike ervaring is die enigste werklikheid of grondslag waaruit alle begripsvorming begin. Begripsvorming behels nooddwendig abstrahering

- 
63. E. Lask, *Fichtes Idealismus und die Geschichte* (Tübingen, 1914).
  64. H. Sommerhäuser, "Emil Lask (1875-1915): Zum neunzigsten Geburtstag des Denkers", *Zeitschrift für Philosophische Forschung*, 21(1), 1967, pp. 137-138.
  65. H. Rickert, "Persönliches Geleitwort", E. Lask, *Gesammelte Schriften*, I, (Tübingen, 1923), p. xiv.
  66. G. Motzkin, "Emil Lask and the Crisis of Neo-Kantianism", *Revue de Métaphysique et de Morale*, 94(2), 1989, pp. 173, 176-177.
  67. Kyk M. Schweitz, "Emil Lasks Kategorienlehre vor dem Hintergrund der Kopernikanischen Wende Kants," *Kant-Studien*, 75, 1984, p. 213-227.
  68. E. Lask, *Fichtes Idealismus und die Geschichte*, pp. 24-25.

omdat die werklikheid nie volledig deur begrippe weergegee kan word nie. Vanweë die abstrakte aard van die begrip is dit algemeen; gevvolglik druk die begrip dit uit wat gemeenskaplik aan 'n aantal verskynsels is.<sup>69</sup>

Tweedens, is hierdie abstrahering verantwoordelik vir die inhoudelike of ontologiese leegheid van die begrip. Volgens Kantiaanse kennisleer is die begrip 'n kunsmatige verstandelike samestelling, oftewel 'n abstrakte weergawe van die werklikheid. Gevolglik is dié werklikheid ontologies ryker as die begrip en is die begrip suiwer logies. In navolging van Kant glo die Badenskool dat, hoe meer abstrak en algemeen die begrip is, hoe verder is dit van die empiriese werklikheid verwijder.<sup>70</sup> Begrippe is dus bloot samestellings van die menslike verstand of heuristiese middele om kennis oor 'n probleem van die empiriese werklikheid te verkry. Die neo-Kantiane het 'n negatiewe begripsontologie wat vreemd is aan die Hegeliaanse denke.

Derdens, bestaan daar gevvolglik 'n dualisme van werklikheid en begrip. Neo-Kantianisme veronderstel 'n nominalistiese siening van begripsvorming, met ander woorde daar word tussen begrip en werklikheid onderskei. Enersyds is individuele bestaan nie 'n moontlike voorwerp van begripsvorming nie. Alhoewel dit die enigste werklikheid is, is dit iets wat nie bekend kan wees nie. Andersyds is die begrip dit wat verstaan of geweet kan word, ten spyte van die feit dat dit ontologies leeg en sonder status is. Begrippe kan dus nie die werklikheid volledig voorstel nie. Alhoewel die empiriese werklikheid onder begrippe val, kan dit nie uit dié begrippe afgelei word nie. Die oneindige werklikheid is dus irrasioneel, aangesien dit ontoeganklik vir begripsvorming is. Dit beteken dat, aangesien die werklikheid nie volledig deur begrippe weergegee kan word nie, dit nie 'n moontlike voorwerp van kennis kan wees nie.<sup>71</sup> Wetenskaplike voorwerpe is dus nie suiwer werklikheid nie, maar verskynsels met onbepaalbare ontologie.

Die Hegeliaanse emanente begripsteorie behels die teenoorgestelde van elk van die Kantiaanse grondbeginsels. Die begrip is nie 'n abstraksie uit die werklikheid nie, maar is volledig werklik. Individualiteit, wat van die begrip afkomstig is en sy inhoud beliggaam, is ten volle rasioneel. Empiriese verskynsels kan uit begrippe afgelei word. Die begrip is ontologies ryker as die verskynsel en verteenwoordig 'n hoër werklikheid. Die begriphinhou weerspieël dus die inhoud van die empiriese verskynsel. Die uitvloeisel hiervan is dat beide die dualisme van werklikheid en begrip, asook die irrasionaliteit van die werklikheid, ongeldig word. Aangesien die inhoud van die empiriese werklikheid volledig uit begrippe afgelei kan word, is dit wat werklik is rasioneel en dit wat rasioneel is, werklik.<sup>72</sup> Die Hegelianisme en historisme verwerp die nominalistiese onderskeid tussen begrip en werklikheid ten gunste van konseptuele realisme. Vir hierdie denkers is die wêreld van begrippe 'n werklike "ding" wat wag om deur die weetgierige rasionele verstand ontdek te word. Die Hegeliaanse essensialisme beskou die begrip as iets wat ondersoek eerder as uitgedink moet word.

69. *Ibid.*, p. 26.

70. *Ibid.*, p. 27.

71. *Ibid.*, p. 37-38.

72. *Ibid.*, pp. 56-57, 85.

Lask toon gemengde gevoelens oor die probleem van begripsvorming. As Kantiaan verkies hy die analitiese teorie en beskou begrippe as kunsmatige samestellings wat uit die werklikheid geabstraheer word. Hy verwerp Hegeliaanse begripsteorie, in besonder die idee dat begrippe meer werklik as individuele bestaan is.<sup>73</sup> Nogtans bevat die analitiese teorie 'n leemte wat begripsvorming van historiese verskynsels oënskynlik verhoed. Dit is naamlik die dualisme van begrip en irrasionele werklikheid, en die gevvolglike *hiatus irrationalis* tussen begrip en werklikheid, 'n konsep wat Lask van Fichte verkry.<sup>74</sup> Enersyds bestaan daar 'n gaping aangesien die werklikheid nie van begrippe afgelei kan word nie. Andersyds is die gaping irrasioneel aangesien die werklikheid slegs rasioneel gemaak kan word deur 'n tipe van begripsvorming.

Hierdie oogmerk kan egter nie deur die analitiese teorie verwesenlik word nie. Vir Lask is die enigste sekerheid die volkome wanordelikheid van die empiriese werklikheid. Alhoewel individuele verskynsels onder begrippe val, kan dit nie daaruit afgelei word nie. Vanweë die onreëlmatige teenstrydige aard van die empiriese werklikheid is begrip en werklikheid onmeetbare menigvuldighede.<sup>75</sup> Lask se standpunt is tipies neo-Kantiaans en herinner aan Windelband se uitspraak dat die empiriese werklikheid eenvoudig as 'n onverstaanbare redelose feit aanvaar moet word.

Daaná toon Lask dat die probleem van historiese kennis nie opgelos kan word deur die Hegeliaanse voorstel - die oorbrugging van die *hiatus irrationalis* en die sluit van die gaping tussen werklikheid en begrip - nie. In die aanvoering van dié argument vestig Lask 'n verband tussen die *hiatus irrationalis* en 'n waardeteorie wat die toeskrywing van waardes aan empiriese verskynsels beperk. Dit behels dat slegs sekere betekenisvolle verskynsels sg. "waarde-individualiteit" (*Wertindividualität*) besit, met ander woorde, word is om te ken of na te vors. Vir Lask is die *hiatus irrationalis* 'n wesenlike voorvereiste vir die begrip waarde-individualiteit.<sup>76</sup> Lask was dus bewus van die beperkinge van die analitiese teorie vir die oplossing van die probleem van historiese kennis. Daarom aanvaar hy die idealisme se kritiek teen Kant se abstrakte transendentale waardeleer vir die geskiedwetenskap. Lask beoog om die Kantiaanse teorie aan te vul met 'n Hegeliaanse teorie van konkrete historiese waardes (waarde-individualiteit) sonder om die Kantiaanse begripsteorie te laat vaar. Lask verwerp Kant se "eensydige formalisme van waardes" maar aanvaar Hegel se waardebegrip. Andersyds verwerp Lask Hegel se emanente begripsteorie, maar behou Kant se analitiese logika. Lask streef dus die vereniging van Kantiaanse begripsteorie met Hegeliaanse waardeleer na.<sup>77</sup>

Lask se teorie van waarde-individualiteit los egter steeds nie die probleem van die oorbrugging van die gaping tussen begrip en werklikheid op nie. Enersyds vooronderstel die belangstelling in 'n historiese verskynsel waarde-individualiteit - 'n historiese verskynsel wat die navorser se belangstelling opwek is betekenisvol en besit dus waarde-

73. *Ibid.*, p. 67.

74. *Ibid.*, pp. 113-114.

75. *Ibid.*, pp. 169-171.

76. *Ibid.*, pp. 11-12, 148-150.

77. *Ibid.*, p. 23.

individualiteit. Andersyds vooronderstel waarde-individualiteit weer die *hiatus irrationalis* - sonder die gaping tussen die begrip en 'n oneindige werklikheid maak die begrip waarde-individualiteit nie sin nie. Waarde-individualiteit maak slegs sin as 'n keuringsbeginsel of - maatstaf om kultureel betekenisvolle navorsingsvoorwerpe uit die oneindige werklikheid te kies. Sonder die beginsel van waarde-individualiteit besit alle empiriese verskynsels (in teorie) gelyke waarde of gebrek aan waarde. Waarde-individualiteit kan dus nie die *hiatus irrationalis* oorbrug nie. Lask se ontleding bevind dat dié probleem slegs oplosbaar is indien die *hiatus irrationalis* as 'n gegewe aanvaar word.

## Slot

Die neo-Kantiaanse kennisleer vorm 'n samesmelting, maar ook 'n verwerp, van beginsels van beide die positivisme en die idealisme. Enersyds, verwerp die Badense filosowe die positivistiese idee dat alle wetenskappe 'n gemeenskaplike metodeleer deel en dus aan wetmatige veralgemening onderworpe is. Die geskiedwetenskappe vereis eerder 'n eiesoortige metodeleer en historiese begrippe wat beperk in tyd en ruimte is. Andersyds verwerp die neo-Kantiane die sekerhede van Hegeliaanse idealisme, soos essensialisme en realisme. Empiriese kennis is beperk en kan nie kennis van die wese van 'n verskynsel behels nie. Begrippe is voorlopig en aan toetsing onderhewig. Só brei die neo-Kantianisme die nominalisme van die positivisme na die historiese wêreld uit. Laastens vind die neo-Kantiane die historistiese idee van subjektiewe, intuïtiewe kennis onaanvaarbaar. Windelband, Lask en Rickert was van mening dat 'n streng rasioneel-empiriese benadering tot die geskiedenis moontlik is. Hierdie neo-Kantiaanse middeweg tussen positivism en Idealisme kan as "kritiese Idealisme" tipeer word.

Windelband se metodologiese onderskeid tussen die wetenskappe het 'n belangrike bydrae tot die oplossing van die probleem van die wetenskaplike status van geskiedenis gelewer. Nogtans was sy rektorsrede *Geschichte und Naturwissenschaft* te onvolledig en kan slegs as 'n beginpunt van neo-Kantiaanse historiese kennisleer beskou word. Windelband het byvoorbeeld nooit die verband tussen die individualiserende historiese metode en sy onvolledige waardeleer verder gevoer nie. Windelband se student, Heinrich Rickert, sou uiteindelik poog om neo-Kantiaanse waarde- en begripsleer, asook die verband tussen historiese verskynsels en waardes, meer noukeurig te ontwikkel.

Rickert het ook Lask se ontleding van begripsteorie verder gevoer deur aan te toon dat historiese kennis moontlik is ten spyte van die irrasionele gaping tussen begrip en werklikheid. Vir Rickert is die *hiatus* 'n noodsaaklike voorvereiste eerder as 'n hindernis vir die moontlikheid van historiese kennis. In 'n poging om dié probleem op te los, formuleer Rickert sy begrip waardeverband (*Wertbeziehung*) as maatstaf vir die uitkies van betekenisvolle navorsingsvoorwerpe uit die oneindige werklikheid. Deur die *hiatus* as die uitgangspunt van sy kennisleer te gebruik dui Rickert aan dat historiese kennis van die irrasionaliteit van die werklikheid afhanglik is.

*Opsomming*

**Die neo-Kantiaanse historiese kennisleer van die Badenskool: Wilhelm Windelband en Emil Lask.**

In hierdie artikel word die historiese kennisleer van Wilhelm Windelband en Emil Lask behandel. Dié neo-Kantiaanse filosowe se oogmerk was 'n historiese kennisleer wat onafhanklik van beide nationalistiese positivismus en Hegeliaanse idealisme sou wees. Gevolglik verdedig die neo-Kantiane die bestaansreg van geskiedenis as 'n eiesoortige, maar streng rasioneel-empiriese wetenskap. Windelband se rektorale intreerede in 1894 verwoord die belangrike neo-Kantiaanse beginsel dat geskiedenis van die natuurwetenskappe op grond van metodeleer eerder as inhoud onderskei word. Windelband het egter nooit 'n wetenskaplike metodeleer vir die vasstelling van historiese kennis uitgewerk nie. Lask het die vraagstuk van historiese kennis probeer oplos deur die aanvaarding van die Kantiaanse dualisme tussen abstrakte begrippe en die oneindige empiriese werklikheid. Lask se voorstel om die probleem van die "irrasionele gaping" tussen begrip en werklikheid deur sy teorie van "waarde-individualiteit" op te los, was egter onsuksesvol.